



# Proe, ervaar, deel!

**Karl Holz**

[1]Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens
wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander
'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat
veroordeel, doen dieselfde dinge. [2]Ons weet dat God regverdig
handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel.
[3]Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy
doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal
ontkom? [4]God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld!
Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid
tot bekering wil lei nie? [5]Maar deur jou verharding en jou
onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die
oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.

**Romeine 2:1-5**

1 Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy
heilige Naam loof.
2 Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet
nie.
3 Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte
genees,
4 wat my red van die graf en my met liefde en ontferming
kroon,
5 wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die
jeugdige krag van die arend skenk.

**Psalm 103:1-5**

1 'n Lied van Dawid. Hy het hom kranksinnig gehou
by Abimelek. Dié het hom weggejaag en hy het
padgegee. 2 Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal
altyd op my lippe wees. 3 Ek sal die roem van die
Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor
bly wees. 4 Sing saam met my oor die grootheid van
die Here en laat ons saam sy Naam prys. 5 Ek het die
Here aangeroep en Hy het my geantwoord, Hy het
my gered uit alle doodsgevare.

**Psalm 34:1-5**

6 Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van
blydskap, hulle word nie teleurgestel in hulle
verwagting nie. 7 Ek is een van die ellendiges wat
geroep het. Die Here het gehoor, uit al my
benoudhede het Hy my gered. 8 Die Engel van die
Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien,
en red hulle. 9 Kom ondervind en sien self dat die
Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by
Hom skuil.

**Psalm 34:6-9**

A man preacheth that sermon only well unto others which preacheth itself in his own soul. And he that doth not feed on and thrive in the digestion of the food which he provides for others will scarce make it savory unto them; yea, he knows not but the food he hath provided may be poison, unless he have really tasted of it himself. If the word do not dwell with power in us, it will not pass with power from us. (Works of John Owen, XVI:76)